AFRIKAANS SUPPORT FOR LEARNERS AT HOME – MADAM A MAYET

INSTRUCTIONS

- PLEASE NOTE THAT ALL WORK DONE AT SCHOOL IS PROVIDED ON THIS DOCUMENT.
- ALL WORK SHOULD BE DONE IN YOUR CLASSWORK BOOKS.
- REMEMBER TO ALWAYS DO QUESTION AND ANSWERS AND NOT JUST ANSWERS TO THE QUESTIONS
- WRITE DOWN HEADINGS FOR EACH NEW TOPIC AS YOU WOULD IN CLASS.
- **GOOD LUCK & STAY SAFE!**

WEEK 7 & 8

DAY 1 – complete the language activity in your books. Remember to do question and answer.



DAY 2- read through the story carefully and answer the questions that follow.

Question 1: look at the highlighted word and make it correct as it is incorrect

Question 2: write the question down, and underline/highlight the answers that are incorrect.

Question 3: reorganize the sentences in the correct order.

Lees en kyk: 'n Ware verhaal

Pre-lees: Voorspel die verhaal deur na die titel te kyk.

Tydens lees: Lees die storie in groepe van vier. Almal kry 'n beurt om 'n paragraaf hardop voor te lees. Let op julle uitspraak. Probeer om vinnig en vlot te lees.

Twice is 'n Engelse woord en beteken **twee keer**; **mev.** is die afkorting vir **mevrou** en **sr.** is die afkorting vir **senior**.

Van wilddief tot wildbewaarder

Twice was 'n baie slim wilddief. Hy het dié bynaam gekry omdat die wildbewaarders hom twee keer nie kon vang nie.

Twice het die bos baie goed geken. Hy het sy strikke langs 'n rivier in die Krugerwildtuin gestel. Die wildbewaarders het sy planne goed geken. Hulle het geweet dat hy nege-uur in die oggend of vieruur in die middag sy strikke stel. Maar elke keer wat hulle hom probeer vang het, was hy te slim en het hy weggekom. Hy was so slim soos die houtjie van die galg.

Twice kon baie vinnig hardloop. Die oomblik as hy dink dat die wildbewaarders vir hom by een van sy strikke wag, maak hy die volgende plan: hy klim oor die draad, stap na die strik toe en stop twintig meter voor die strik. Hy kyk om hom rond; dan spring hy blitsvinnig om en hardloop terug draad toe. Die bewaarders dink dan hy het hulle gesien. Hulle spring uit hulle wegkruipplekke op en hardloop agter hom aan, maar hy spring oor die draad lank voor hulle hom kan vang.

Die bewaarders was moedeloos. Die senior bewaarder, mev. Manzi Spruit, dink toe aan 'n plan. Sy sê hulle moet die volgende keer as Twice weghardloop, in hulle wegkruipplekke bly en tjoepstil sit.

Op 'n dag kruip hulle weer vir Twice naby sy strik weg. Daar is 'n bok in die strik en hulle weet hy gaan die bok kom haal. Hulle wag lank ...

Skielik is Twice daar. Hy klim oor die draad en stap nader. Net soos altyd, stop hy so twintig meter van die strik af, kyk om hom rond en hardloop terug draad toe. Maar dié keer jaag die bewaarders hom nie. Hulle bly in hulle wegkruipplekke, so stil soos muise.

DAY 3 - write the following sentences in passive voice .. look at the rule in the speech bubble. Remember question and answer.



Taal in konteks

Taalstrukture en -konven

Skryf die sinne in die lydende vorm. Begin met die woorde in vet druk.

1. Die wildbewaarder boei vir **Twice**.
2. Die wildbewaarder het vir **Twice** geboei.
3. Twice vang **sy eerste wilddief**.
4. Twice het **sy eerste wilddief** gevang.

Onthou!
Gebruik **word** in die teenwoordige tyd: 'n Strik **word** deur Twice **gestel**.

DAY 4 and 5 - complete the book review in your notebooks. Remember to use the writing process. For your mind map use the **PICTURE ONE** below to complete the mind map in your notebook. Once done with that, then use **PICTURE TWO** as your format for your first and final draft.

YOUR BOOK REVIEW MUST BE BASED ON THE STORY YOU READ ABOUT TWICE. "VAN WILDIEF TOT WILDBEWAARDER". YOUR REVIEW MUST BE FROM 110-120 WORDS.



Skryf en aanbied: 'n Resensie

Skryf 'n resensie van 110–120 woorde oor die verhaal van Twice. Onthou, die doel van 'n resensie is: om 'n teks of stuk (soos 'n verhaal, 'n film, 'n drama) bekend te stel; te sê waaroor dit gaan en te sê of jy die stuk **aanbeveel** (*recommend*) of nie.

MIND MAP

Beplanning/Pre-skryf

Gebruik 'n kopkaart om jou resensie te beplan.

1. **Karakters** (mense in die verhaal)
2. **Ruimte** (plek waar dit afspeel)
3. **Intrige** (gebeure)
4. **Konflik** in die verhaal
5. **Slotsom**: Kan jy die verhaal aanbeveel?

Verhaal: Titel

DAY 6- Read the dialogue first and thereafter complete the language activity below

Luister en praat: Nog 'n rolspel

Verdeel in groepies van twee en rolspeel die dialoog. Lees dit met gevoel en leef julle in die rolle in.

TWICE: Goeiemôre, mev. Spruit.

MANZI: My vader, Twice! Is jy al uit die tronk uit?

TWICE: Ja, Mevrou, maar ek was vier maande in die tronk. Dit was baie lank en ek het tyd gehad om oor my lewe te dink.

MANZI: Twice, wat het jy gedink?

TWICE: Dit was sleg en verkeerd om wild te steel. Ek sal dit nooit weer doen nie. Ek het my les geleer.

MANZI: Ek hoop so.

TWICE: Ek wil baie graag 'n nuwe blaadjie omslaan en self wilddiewe vang. Ek ken hulle planne en hulle streke.

MANZI: Nou goed, Twice, ek sal jou 'n kans gee om jouself te bewys. Begin sommer môre werk!

(Deur die skrywer)

'n Nuwe blaadjie omslaan is 'n **idioom.** Dit beteken jy bly weg van verkeerde dinge en begin 'n nuwe lewe. Alle idiome het 'n **figuurlike** betekenis.

Taal in konteks

Taalstrukture en -konvensies

A **Soek die volgende sinne in die dialoog (soorte sinne en skryftekens).**

1. Soek 'n vraagsin en skryf dit neer.
2. Soek 'n uitroepsin en skryf dit neer.
3. Skryf enige stelsin uit die dialoog neer.
4. Soek 'n bevelsin en skryf dit neer.

Onthou!
Alle sinne begin met 'n **hoofletter**, 'n **stelsin** eindig met 'n punt (.), 'n **uitroepsin** eindig met 'n uitroepteken (!), 'n **vraagsin** eindig met 'n vraagteken (?).

B **Leer die volgende sinonieme.**

tronk – gevangenis
kry – vind
kans – geleentheid
verhaal – storie
slim – intelligent